

HOOFSTUK 4

Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika

	Bladsy
4.1 Inleiding	126
4.2 Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika, hulle voldoening aan die interne ouditstandaarde en aan die vereistes van organisasies se senior bestuur en beheerrade.	127
4.2.1 Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika	127
4.2.2 Nakoming van die interne ouditstandaarde deur Suid-Afrikaanse interne ouditfunksies	130
4.2.3 Suid-Afrikaanse interne ouditfunksies se voldoening aan die vereistes van bestuur	131
4.3 Die voorkoms van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika en perspektiewe van interne ouditeure ten opsigte van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies	132
4.3.1 Die voorkoms van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika ..	132
4.3.2 Perspektiewe van respondente oor gehaltebeheer binne interne ouditfunksies ..	134
4.4 Interne evaluering van interne ouditfunksies in Suid-Afrika	136
4.4.1 Agtergrond	136
4.4.2 Die wyse waarop interne ouditfunksies intern geëvalueer word	137
4.4.3 Regulering van die interne evaluering van interne ouditfunksies	143
4.5 Eksterne evaluering van interne ouditfunksies in Suid-Afrika	144
4.5.1 Agtergrond	144
4.5.2 Persone of instansies verantwoordelik vir die uitvoering van die eksterne evaluasie	145
4.5.3 Voorkeure van respondente met betrekking tot die persone of instansies wat eksterne evaluasies uitvoer	146
4.5.4 Riglyne en gehaltemaatstawwe gebruik in die eksterne evaluering van interne ouditfunksies	149
4.5.5 Die frekwensie waarmee interne ouditfunksies ekstern geëvalueer word	150
4.5.6 Regulering van die eksterne evaluering van interne ouditfunksies	151
4.5.7 Metodes om interne ouditfunksies aan te spoor om eksterne evaluering te ondergaan	152

4.5.8	Voordele van die eksterne evaluering van interne ouditfunksies	153
4.5.9	Die wyse waarop eksterne evaluasies van interne ouditfunksies deur openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en onafhanklike konsultante uitgevoer word	154
4.6	Betrokkenheid van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika by gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika	155
4.6.1	Rol van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika met betrekking tot gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika	155
4.6.2	Inisiatiewe van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika om gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika te bevorder	156
4.6.3	Respondente se menings oor die nuwe inisiatiewe van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika ten opsigte van die eksterne evaluering van interne ouditfunksies	160
4.7	Die benutting van riglyne, hulpmiddels en dienste vir gehaltebeheer, wat by die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika en die <i>Institute of Internal Auditors, Inc.</i> beskikbaar is	161
4.7.1	Die <i>Quality Assurance Guide</i>	161
4.7.2	Die <i>Quality Assessment Manual</i>	162
4.7.3	Die <i>Global Auditing Information Network (GAIN)</i>	162
4.7.4	Die <i>Quality Assurance Review Service - IIA Inc.</i>	164
4.8	Samevatting	164

HOOFSTUK 4

Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika

4.1 Inleiding

The professional internal audit practitioner adheres to the guidance set forth in the Code of Ethics and the Standards for the Professional Practice of Internal Auditing, pursues and achieves individual certification, conducts internal assessments, and undergoes independent, external quality reviews to verify compliance. When these practices are followed routinely, they can lead to success for both auditors and the organisations they serve. (IIA 2001(6):2)

In die voorafgaande hoofstukke is die algemene beginsels van gehalte, die belangrikheid van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies, die ontwikkeling daarvan deur die jare en die standaarde en riglyne wat bestaan vir die uitvoering van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies bespreek. Die klem in hierdie hoofstuk val met bogenoemde ter agtergrond, op die huidige stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika.

Na aanleiding van 'n empiriese ondersoek deur die navorser in 2001 en die bestudering van artikels in plaaslike tydskrifte, word gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika onder die volgende opskrifte bespreek:

- Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika, hulle voldoening aan die interne ouditstandaarde en aan die vereistes van organisasies se senior bestuur en beheerrade.

- Die voorkoms van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika en perspektiewe van interne ouditeure ten opsigte van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies.
- Interne evaluering van interne ouditfunksies in Suid-Afrika.
- Eksterne evaluering van interne ouditfunksies in Suid-Afrika.
- Betrokkenheid van die Instituut van Interne Ouditeurs Suid-Afrika by gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika.
- Die benutting van riglyne, hulpmiddels en dienste vir gehaltebeheer, wat by die IIA SA en IIA Inc. beskikbaar is.

Die ontwerp van die empiriese ondersoek en motivering vir die metodes gebruik, word in Bylae I tot hierdie verhandeling uiteengesit.

4.2 Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika, hulle voldoening aan die interne ouditstandaarde en aan die vereistes van organisasies se senior bestuur en beheerrade

4.2.1 Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika

Alhoewel gehaltebeheer 'n integrale deel van elke interne ouditfunksie behoort te wees, is dit tot dusver nie voldoende deur Suid-Afrikaanse interne ouditfunksies en die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika aangespreek nie. Daar is interne ouditfunksies wat goeie gehaltebeheer toepas, wat oor afdelings beskik wat na die gehalte van interne ouditwerk omsien en waar dit ondernemingsbeleid is om eksterne evalasies op 'n gereelde basis uit te voer. By baie interne ouditfunksies in Suid-Afrika het gehaltebeheer egter aandag nodig. Respondente tot die empiriese studie is oor die algemeen van mening dat die mate van gehaltebeheer binne interne

ouditfunksies verskil volgens die verskillende ondernemingsvorme in Suid-Afrika.

Die volgende faktore het volgens die empiriese studie (kyk Bylae I) 'n impak op die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika:

- *Die bevoegdheid van personeel werksaam in interne ouditfunksies*

'n Voorvereiste vir die gehalte van interne ouditfunksies is die gehalte van die personeel werksaam in die interne ouditfunksie. Indien goed opgeleide personeel bekom word, kan die interne ouditfunksie minder aan opleiding en meer aan gehaltebeheer spandeer.

- *Die hoeveelheid personeel werksaam in die interne ouditfunksie*

Binne klein interne ouditfunksies moet die interne ouditeure soveel moontlik doen met beperkte mannekrag. Dit veroorsaak dat interne ouditeure selfstandig moet werk en dat hulle werk nie aan die nodige toesig en beheer onderwerp word nie.

- *Die koste van gehaltebeheer en die beskikbaarheid van die nodige fondse daarvoor binne interne ouditfunksies*

Indien daar genoeg fondse vir interne ouditering bewillig word, kan die interne ouditfunksies meer en beter opgeleide personeel bekostig, gespesialiseerde dienste kontrakteer waar nodig, personeel aan opleiding onderwerp, beter toerusting en fasiliteite bekom, meer tyd aan ouditprojekte spandeer en interne en eksterne evaluering bekostig. (Hierdie faktor word algemeen as rede aangevoer waarom gehaltebeheer beter is binne goed gevestigde interne ouditfunksies in genoteerde maatskappye, as binne kleiner ondernemings in die privaat sektor of binne organisasies in die ander sektore).

- *Regulering*

In die Staatsdiens, is wetgewing met betrekking tot interne ouditering maar onlangs geïmplementeer by wyse van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, *No1 van 1999 (soos gewysig)*. Interne ouditering begin dus nog gestalte kry in die staatsdiens en daar is nog nie goeie gehaltebeheer in plek nie. In die openbare entiteite, waar daar reeds vir 'n geruime tyd wetgewing bestaan, in terme van die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, *No 93 van 1992 (Herroep)* en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, *No1 van 1999 (soos gewysig)*, wat die eersgenoemde wet opgevolg het, is daar 'n mate van regulering met betrekking tot interne ouditering. Gehaltebeheer van interne ouditfunksies word meer gereadig binne hierdie sektor toegepas.

Binne die genoteerde maatskappye, waar die regulasies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs en die aanbevelings van die King Komitee geld en waar interne ouditfunksies goed gevestig is, word gehaltebeheer oor interne ouditfunksies tot 'n mindere of meerdere mate toegepas, afhangende van die hoof interne ouditeur se ingesteldheid op gehalteversekering en die eise wat deur die direksie en ouditkomitee gestel word.

Binne kleiner ondernemings in die privaat sektor, hang gehaltebeheer binne die interne ouditfunksie, indien daar so 'n funksie bestaan, van faktore af soos die hoof interne ouditeur se ingesteldheid met betrekking tot gehaltebeheer, die grootte van die interne ouditfunksie en bestuur en die ouditkomitee se verhouding met die interne ouditfunksie.

Binne die groot openbare rekenmeesters-en ouditeursfirmas word gehaltebeheer toegepas, veral vanweë hulle internasionale verbintnisse wat riglyne vir die beoefening van interne ouditering neerlê en omsien na gehaltebeheer oor die lewering van hierdie dienste. Binne kleiner openbare rekenmeesters-en ouditeursfirmas wat interne ouditdienste lewer, is daar weer minder beheer oor gehalte.

- *Die hoof van die interne ouditfunksie se ingesteldheid om gehalte te verseker*

‘n Nuwe generasie interne ouditeure, wat aandring op gehalte, staan deesdae aan die hoof van die groot interne ouditfunksies. Gevolglik is gehaltebeheer binne sommige interne ouditfunksies, veral in die genoteerde maatskappye, van hoogstaande gehalte en op dieselfde vlak as hulle oorsese eweknieë.

- *Geheimhouding*

Sommige organisasies is teësinning om eksterne evaluasies van hulle interne ouditfunksies te laat uitvoer omdat hulle bang is dat vertroulike inligting op hierdie wyse aan mededingers kan uitlek. Sommige interne ouditfunksies ag hulleself op ‘n beter vlak as ander te wees, en is teësinning om eksterne evaluasies te laat uitvoer en sodoende hulle unieke werkswyse met ‘n buitestaander te deel.

4.2.2 Nakoming van die interne ouditstandaarde deur Suid-Afrikaanse interne ouditfunksies

Die algemene mening van respondente in hierdie verband, is dat die mate van voldoening aan die interne ouditstandaarde verskil binne die verskillende ondernemingsvorme in Suid-Afrika. Interne ouditering in die Staatsdiens, is in ‘n ontwikkelingstadium en voldoen nog nie ten volle aan die interne ouditstandaarde nie. Tesourieregulasies in terme van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, No 1 van 1999 (soos gewysig) vereis egter dat die interne ouditstandaarde nagevolg word en pogings word aangewend om die nodige opleiding in hierdie verband te bewerkstellig. Die interne ouditfunksies van genoteerde maatskappye voldoen tot ‘n groter mate aan die interne ouditstandaarde, veral vanweë die vereistes wat deur ouditkomitees gestel word. Interne ouditfunksies in die res van die privaat sektor word nie gereguleer nie, en het nie nodig om aan die interne ouditstandaarde te voldoen nie. Die mate van voldoening aan die interne ouditstandaarde hang af van die hoof interne ouditeur se kennis daarvan en ingesteldheid daarteenoor.

Lidmaatskap van die IIA SA is vrywillig en daarmee gepaardgaande, ook die voldoening aan die interne ouditstandaarde. Sommige interne ouditfunksies maak 'n punt daarvan om aan die interne ouditstandaarde te voldoen terwyl ander afdelings hulle nie daaraan steur nie.

4.2.3 Suid-Afrikaanse interne ouditfunksies se voldoening aan die vereistes van bestuur

Die mening wat algemeen deur respondente gehuldig word aangaande die voldoening van interne ouditfunksies aan bestuur se vereistes, is dat interne ouditfunksies wel aan daardie vereistes wat aan hulle bekend is, voldoen. Bestuur weet egter nie altyd wat om van hulle interne ouditfunksies te verwag nie en maak nie hulle vereistes aan hulle interne ouditfunksies bekend nie.

In die Staatsdiens, byvoorbeeld, is direkteure en departementshoofde nog besig om vas te stel wat hulle van interne ouditeure behoort te verlang. Interne ouditfunksies kom nie tot stand weens 'n behoefte van die besture van Staatsdepartemente nie, maar as gevolg van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, No 1 van 1999 (soos gewysig), wat dit op Staatsdepartemente afdwing ten einde beter korporatiewe beheer te bewerkstellig. Respondente is van mening dat die bestuur van Staatsdepartemente nog opgelei moet word om te weet hoe hulle die interne ouditfunksies binne hulle departemente moet hanteer.

Hoe meer bestuur ingelig word oor die rol wat die interne ouditfunksie binne die organisasie behoort te speel, hoe groter word hulle verwagtinge. Die interne ouditfunksie groei in die proses saam met bestuur.

Ander menings van respondente aangaande interne ouditfunksies se voldoening aan die vereistes van bestuur, is soos volg:

- Sommige interne ouditfunksies fokus, as gevolg van die oorwegend finansiële opleiding van hulle personeel, slegs op finansiële aangeleenthede terwyl hulle meer op operasionele aangeleenthede behoort te fokus. Volgens een van die respondente behoort interne ouditfunksies personeel aan te stel met kennis en ervaring van die sakewêreld,

sodat hulle beter ondersteuning aan bestuur kan verleen.

- Om aan bestuur se verwagtinge te voldoen, moet interne ouditeure spesialiste wees in risiko-evaluering en moet die hoof van die interne ouditfunksie op 'n gereelde basis met die ouditkomitee vergader om kommunikasiëkanale oop te hou. Binne ondernemings waar 'n ouditkomitee gevestig is en goed funksioneer, is die kommunikasie tussen interne ouditeure en bestuur beter en is bestuur meer bewus van die rol wat interne ouditeure behoort te speel. Binne daardie organisasies word meer realistiese verwagtinge van interne ouditfunksies gekoester en kan hulle 'n beter diens aan bestuur lewer.
- Volgens 'n vennoot by 'n openbare rekenmeesters- en ouditeursfirma, het ouditkomitees 'n groot inspraak in die interne ouditfunksies van genoteerde maatskappye. Volgens hom is ouditkomitees oor die algemeen gelukkig met die interne ouditfunksie, maar daar is gevalle waar ouditkomitees spesifiek aangedui het dat hulle nie tevrede is nie.
- Tekortkominge in stelsels en prosesse wat vir operasionele bestuur waarde inhou, word uitgewys. Die bevindinge word egter nie wyer ondersoek en uitgedruk in terme van die risiko wat dit vir die onderneming inhou, sodat dit vir strategiese bestuursdoeleindes gebruik kan word nie. Bestuur het duidelike verwagtinge van interne audit, maar daar moet nog gewerk word aan 'n metode om operasionele auditbevindinge só aan senior bestuur te kommunikeer, dat dit ook vir hulle waarde inhou.

4.3 Die voorkoms van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika en perspektiewe van interne ouditeure ten opsigte van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies

4.3.1 Die voorkoms van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika

By al die interne ouditfunksies met wie onderhoude gevoer is, word gehaltebeheer, tot 'n mindere

of meerdere mate, toegepas. Drie van die ses interne ouditfunksies het 'n formele beleid ten opsigte van gehaltebeheer in plek. Die wyse waarop gehalte binne interne ouditfunksies gemoniteer word, berus grootliks by die hoof van die interne ouditfunksie. Die eerste vlak van monitering, soos voorgestel deur die interne ouditstandaarde, naamlik deurlopende evaluering van interne ouditprojekte (kyk paragraaf 3.4.3.1), kom algemeen voor. Riglyne en vereistes in verband met gehalte, bestaan vir verskillende stadiums van die ouditproses en interne ouditbestuurders of toesighouers moet seker maak dat daaraan voldoen word.

Die tweede vlak van monitering, naamlik periodieke interne evaluering (kyk paragraaf 3.4.3.1), kom redelik gereeld voor. By vier van die interne ouditfunksies waarmee onderhoude gevoer is, word periodieke interne evaluasies uitgevoer. By drie van hierdie organisasies bestaan daar 'n afdeling binne die interne ouditfunksie wat omsien na gehaltebeheer binne die interne ouditfunksie. In die ander geval voer gedesentraliseerde ouditfunksies interne evaluasies oor en weer op mekaar se werk uit. Een organisasie, wat nog nie periodieke interne evaluasies uitvoer nie, is van voornemens om daarmee te begin.

Die derde vlak van monitering, naamlik eksterne evaluering (kyk paragraaf 3.4.3.2), kom by min organisasies voor. Twee organisasies waarmee onderhoude gevoer is, ondergaan op grond van bestuursbeleid gereeld (elke twee of drie jaar) 'n eksterne evaluasie. 'n Derde organisasie het in 2001 vir die eerste keer 'n eksterne evaluasie ondergaan en by nog 'n organisasie word 'n eksterne evaluasie vir later in 2003 beplan. Die vyfde organisasie het oorweging geskenk aan die uitvoering van 'n eksterne evaluasie. Die laaste organisasie het op grond van 'n kostevoordeel-ontleding besluit om eers 'n volledige interne evaluasie uit te voer en later oorweging te skenk aan die uitvoering van 'n eksterne evaluasie.

Volgens 'n opname deur Venter & Du Bruyn (2001:24), waartydens vraelyste per elektroniese pos aan alle Suid-Afrikaanse interne ouditfunksies, volgens die IIA SA se databasis gestuur is, beskik 40% van alle interne ouditfunksies in Suid-Afrika oor 'n formele beleid ten opsigte van gehaltebeheer. Slegs 77,8 % van die wat wel oor 'n formele beleid beskik, het ten tye van die opname reeds 'n evaluasie, hetsy intern, of ekstern ondergaan. Van die 60% wat nie 'n formele beleid ten opsigte van gehaltebeheer het nie, het 63% ten tye van die opname reeds 'n interne of

eksterne evaluasie ondergaan.

4.3.2 Perspektiewe van respondente oor gehaltebeheer binne interne ouditfunksies

Respondente het die volgende as belangrike elemente van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies geïdentifiseer:

- *Formele prestasie-evaluering van interne ouditprojekte, -personeel en -bestuur.* Eerstens, behoort 'n prestasie-evaluasie na afloop van elke interne ouditprojek, deur die kliënt uitgevoer te word. Kliënte moet aangemoedig word om die swakhede van interne ouditprojekte uit te wys. Evaluerings wat elke aspek van die ouditprojek goed aanslaan, behoort nie aanvaar te word nie.

Tweedens, behoort prestasie-evaluasies van interne ouditpersoneel deur interne ouditbestuurders of toesighouers uitgevoer te word.

Derdens, behoort prestasie-evaluasies van oudittoesighouers en ouditbestuurders deur die interne ouditpersoneel uitgevoer te word.
- *Goeie personeelpraktyk.* Gehaltepersoneel met die nodige opleiding en vaardigheid moet bekom word en bestaande personeel behoort behoorlik opgelei te word.
- *Lidmaatskap van die Instituut van Interne Ouditeure.* Interne ouditpersoneel moet aangemoedig word om as lede by die IIA SA aan te sluit en die CIA kwalifikasie te verwerf.
- *Betrokkenheid van die ouditkomitee.* Die ouditkomitee van 'n onderneming is 'n baie belangrike faktor in die gehaltebeheerproses. Die resultate van interne- sowel as eksterne evaluering van gehalte behoort aan die ouditkomitee van die organisasie gerapporteer te word.

- *Kommunikasie.* Gereelde kommunikasie dra by tot gehaltebeheer binne interne ouditfunksies. Hierdie kommunikasie behels kommunikasie tussen die hoof interne ouditeur en die ouditkomitee, tussen die hoof interne ouditeur en ander interne ouditeure binne die organisasie en ook tussen interne ouditeure van verskillende organisasies.

Spesifieke menings van hoofde van interne ouditfunksies aangaande gehaltebeheer binne hulle afdelings, behels die volgende:

- Gehaltebeheer moet kostevoordelig wees en moet nie die uitsette van die interne ouditfunksie (in die vorm van ouditverslae) vertraag nie.
- Periodieke interne evaluering van gedentraliseerde interne ouditfunksies, oor en weer op mekaar se werk, bevorder kommunikasie binne die onderneming en skep opleidingsgeleenthede.
- Deur middel van gehaltebeheer moet opleidingsgeleenthede geïdentifiseer word en die leemtes wat uitgewys word deur gehaltebeheer, moet deur middel van opleiding reggestel word.
- Die feit dat 'n interne ouditfunksie die interne ouditstandaarde nakom, is nie noodwendig 'n aanduiding dat die interne ouditfunksie 'n gehaltesiens lewer nie. 'n Voorvereiste vir gehaltebeheer binne interne ouditfunksies, is dat interne ouditfunksie moet beseft dat hulle waarde moet toevoeg. 'n Ouditfunksie kan aan al die huishoudelike vereistes van die interne ouditstandaarde voldoen, byvoorbeeld, handleidings in plek hê, risiko-ontledings doen en behoorlik beplan, sonder om waarde aan die organisasie toe te voeg. Indien so 'n interne ouditfunksie, wat nie 'n begrip het van die ware doel van interne ouditering nie, homself meet aan interne ouditfunksies wat die wese van interne ouditering uitleef, kan hy tot die gevolgtrekking kom dat sy werk op standaard is, terwyl dit eintlik nie die geval is nie.
- Gehaltebeheer moet toepaslik wees vir die tipe organisasie en gebaseer word op die vlak

van bestuur en bestuur se begrip van die rol van die interne ouditfunksie in die organisasie.

4.4 Interne evaluering van interne ouditfunksies in Suid-Afrika

4.4.1 Agtergrond

Volgens Venter en Du Bruyn (2001: 25), het 'n opname oor gehaltebeheer in Suid-Afrika, aangetoon dat, hoewel die meeste interne ouditfunksies nie oor 'n formele beleid ten opsigte van gehaltebeheer beskik nie, die meeste organisasies wat wel interne evaluasies van hulle interne ouditfunksies uitvoer, dit ooreenkomstig die interne ouditstandaarde uitvoer.

Volgens Venter en Du Bruyn (2001: 24-25), vind periodieke interne evaluering by interne ouditfunksies soos volg plaas:

- By 3%, minder as een keer elke drie jaar.
- By 14%, een keer elke drie jaar.
- By 29%, een keer per jaar
- By 54%, meer as een keer per jaar

In die meerderheid van die gevalle waar periodieke interne evaluasies uitgevoer is, was die hoof interne ouditeur in beheer daarvan en by sowat 'n derde van die gevalle, was lynbestuurders binne die interne ouditfunksie daarby betrokke. Ander partye wat gereeld gebruik word om periodieke evaluasies van interne ouditfunksies uit te voer, is spesialisfunksies binne die organisasie en afdelings binne die interne ouditfunksie, wat vir gehaltebeheer verantwoordelik is (Venter & Du Bruyn 2001:25).

Volgens die interne ouditstandaarde behoort sekere fokusareas tydens 'n periodieke interne evaluering aangespreek te word (kyk paragraaf 3.4.3.1). Volgens Venter en Du Bruyn (2001:25), het 74.2% van interne ouditfunksies aangedui dat al die fokusareas tydens 'n periodieke interne evaluasie aangespreek word. 74,3% van interne ouditfunksies was van mening dat hulle periodieke interne evaluasies uitgevoer word aan die hand van die interne ouditstandaarde;

17,1% het aangedui dat dit nie uitgevoer word volgens die interne ouditstandaarde nie en die res van die interne ouditfunksies was onseker of hulle interne evaluasies aan die interne ouditstandaarde voldoen.

Resultate van periodieke interne evaluasies van interne ouditfunksies, is hoofsaaklik aan hoof interne ouditeure en ouditkomitees gerapporteer. Ander partye aan wie resultate gerapporteer is, sluit in: Lynbestuurders binne die interne ouditafdeling, finansiële direkteure, hoof uitvoerende beamptes en interne ouditfunksies van internasionale houermaatskappye (Venter & Du Bruyn 2001:25).

4.4.2 Die wyse waarop interne ouditfunksies intern geëvalueer word

Binne die ses interne ouditfunksies met wie onderhoude gevoer is tydens die empiriese ondersoek (Sien Bylae I), behels interne evaluering die volgende:

(i) ***Organisasie A***

Deurlopende interne evaluering. Intern word ouditleërs geëvalueer. Daar bestaan spesifieke riglyne ten opsigte van die uitvoering van verskillende soorte ouditprojekte, byvoorbeeld, finansiële ouditprojekte, operasionele ouditprojekte en rekenaarouditering. Daar bestaan ook spesifieke voorskrifte om die gehalte van ouditwerk te verseker, soos byvoorbeeld, riglyne vir verslagdoening, uiteensetting van bevindinge, en ouditwerkspapiere. Ouditbestuurders moet seker maak dat hulle personeel se werk aan die voorgeskrewe riglyne voldoen. Voldoening aan die riglyne word gebruik as 'n kriteria in prestasie-evaluasies.

Die hoof interne ouditeur bestuur sy ouditbestuurders op grond van hulle prestasie-evaluasies. Verskillende vlakke van prestasie-evaluering word sistematies deur middel van vraelyste uitgevoer. Die afdelings en afdelingsbestuurders binne die interne ouditfunksie word op grond van die resultate van hierdie prestasie-evaluasies beoordeel.

Die volgende sleutelprestasie-areas word vir die doel van prestasie-evaluasies gebruik:

- ▶ Begrotingsbestuur
- ▶ Hoë kwaliteitdiens
- ▶ Jaarlikse en langtermyn beplanning en prestering daarvolgens
- ▶ Effektiewe verslagdoening
- ▶ Effektiwiteit van interne ouditpersoneel

Periodieke interne evaluering. Interne evaluasies word in die vooruitsig gestel. Die gedagte is dat die verskillende interne ouditafdelings van die bestaande ses streke mekaar jaarliks sal evalueer volgens bepaalde kriteria, met inbegrip van die interne ouditstandaarde en die standaard van die organisasie. Verslagdoening sal geskied aan die hoof interne ouditeur.

(ii) ***Organisasie B***

Deurlopende interne evaluering. Deuropende interne evaluering behels hoofsaaklik toesighouding. Op ouditprojekvlak berus gehaltebeheer by die toesighouer. Indien 'n oudit deur 'n span uitgevoer word, is die ouditbestuurder verantwoordelik vir toesighouding. Indien 'n interne ouditeur alleen 'n oudit uitvoer, word toesig uitgeoefen deur die afdelingshoof of deur 'n kollega.

Periodieke interne evaluering. Die afdeling verantwoordelik vir gehaltebeheer, *Professional Practice*, voer op 'n kwartaallikse basis interne evaluasies uit volgens die riglyne van die IIA Inc., soos vervat in handleidings deur hulle gepubliseer. Die span wat die evaluasies uitvoer, bestaan uit vyf lede wat getrek word uit verskillende afdelings van die interne ouditfunksie. Die fokus van interne evaluasies verskil van jaar tot jaar. Gedurende een jaar is daar byvoorbeeld gefokus op die voldoening van ouditprojekte aan die interne ouditstandaarde en gedurende 'n ander jaar, op kleiner areas soos risiko-ontleding of verslagdoening.

Behoorlike beplanning van interne evaluasies verseker dat alle areas van interne ouditering gedek word. Ouditprojekte word uit verskillende afdelings geselekteer vir hersiening en word eers geëvalueer nadat die finale verslag uitgereik is. Elektroniese

toegang kan tot alle ouditprojekte wat landwyd uitgevoer word, verkry word. Daarom kan ouditprojekte wat by takkantore uitgevoer is, ook by die hoofkantoor se interne evaluasies ingesluit word.

Verslagdoening deur die afdeling verantwoordelik vir gehaltebeheer, geskied eerstens aan die ouditspan. Nadat die verslag aan die span beskikbaar gestel is, word 'n vergadering met hulle gehou om die verslag te bespreek. 'n Opsomming van bevindinge, saam met die kommentaar van die span, word aan die hoof interne ouditeur asook aan die betrokke direkteur aan wie die interne ouditfunksie rapporteer, gelewer. Die resultate van interne evaluasies word ook op 'n kwartaallikse- en jaarlikse basis, opsommend aan die ouditkomitee gerapporteer.

Die bevindinge van periodieke interne evaluasies word gebruik in persoonlike prestasie-evaluasies van interne ouditpersoneel. Daar word elektronies van elke interne evaluasie, soos van alle ander ouditprojekte rekord gehou.

(iii) ***Organisasie C***

Deurlopende interne evaluering. Deurlopende interne evaluering behels by hierdie interne ouditfunksie die volgende:

- ▶ Goeie personeelpraktyk (bekom gehaltemense).
- ▶ Behoorlike indiensopleiding, veral met betrekking tot ouditmetodologie.
- ▶ Hersieningsprosedures.
- ▶ Evaluering van interne ouditprojekte deur kliënte.
- ▶ Behoorlike onderhandeling van ouditbevindinge voor rapportering aan die ouditkomitee, wat interaksie met kliënte verbeter.

Die afdelings werk aan die hand van die vereistes en riglyne wat gestel word deur die interne ouditstandaarde. Lidmaatskap by die IIA SA word aangemoedig en die interne ouditfunksie as geheel het ook goeie skakeling met die IIA SA.

Periodieke interne evaluering. 'n Afsonderlike afdeling binne die interne ouditfunksie

is verantwoordelik vir gehaltebeheer, opleiding en ontwikkeling. Hierdie afdeling voer interne evaluasies van interne ouditwerk op 'n steekproefbasis uit. Hulle hoofdoel hiermee is om vas te stel waar daar vir interne ouditeure, ontwikkelingsmoontlikhede bestaan.

(iv) **Organisasie D**

Deurlopende interne evaluering. Elke stadium van 'n ouditprojek wat voltooi word, word nagegaan en afgeteken deur 'n toesighouer. Kritiese stadiums vir gehaltebeheer is geïdentifiseer, byvoorbeeld:

- Na afhandeling van die voorlopige ondersoek waar ouditdoelwitte geformuleer word.
- Na voltooiing van die beplanning vir die detailondersoek, stelselontledings en opstel van vloediagramme.
- Na identifisering van leemtes of swakhede in beheermaatrëels.

Wanneer nuwe tegnieke of metodes in werking gestel word, word daar vir 'n paar maande 'n strenger gehaltebeheerbeleid gehandhaaf, waartydens elke ouditprojek nagegaan en elke fase afgeteken word deur die toesighouer, die hoofbestuurder en die afdeling verantwoordelik vir gehalte.

Na afloop van elke oudit word 'n mening van die kliënt ingewin oor die bevredigende uitvoering van die oudit. 'n Vraelys word vir hierdie doel gebruik.

Periodieke interne evaluering. Die organisasie se interne ouditafdeling beskik oor 'n staffunksie wat spesifiek aandag skenk aan gehaltebeheer. Hulle gaan op 'n gereelde basis ouditlêers en verslae na. Twee personelede is aan hierdie afdeling toegewys wat elke verslag wat vanaf die interne ouditfunksie uitgaan, evalueer.

(v) **Organisasie E**

Deurlopende interne evaluering. Alle ouditprojekte word aan behoorlike toesig onderwerp.

Standaard vraelyste word gebruik om terugvoering te verkry vanaf operasionele bestuur en operasionele personeel oor die gehalte van die ouditwerk wat in hulle afdelings uitgevoer is.

Periodieke interne evaluering. Die onderneming is ingeteken op die *Global Auditing Information Network (GAIN)*, met behulp waarvan die interne ouditfunksie homself op 'n gereelde basis teen ander interne ouditfunksies wêreldwyd, evalueer.

(vi) ***Organisasie F***

Deurlopende interne evaluering. Alle interne ouditpersoneel is lede van die IIA SA. Op grond van hulle lidmaatskap kan daar van hulle verwag word om aan die interne ouditstandaarde en etiese kode te voldoen.

Bestuurders van gedentraliseerde interne ouditfunksies is verantwoordelik vir toesig oor die personeel onder hulle. Die hoof interne ouditeur ontvang kwartaalverslae vanaf al die gedentraliseerde funksies, asook 'n afskrif van elke ouditverslag uitgereik. Kwartaallikse verslae bevat 'n bladsy-opsomming van elke oudit uitgevoer asook 'n aanduiding van waar die ouditfunksie staan ten opsigte van sy beplanning en begroting.

Die interne oudithoofkantoor gee 'n raamwerk deur van wat geoudit moet word, maar gedentraliseerde funksies is grotendeels verantwoordelik vir hulle eie beplanning. Elke gedentraliseerde onderneming binne die organisasie het 'n *Site Audit Committee*, waarvan die algemene bestuurder van die gedentraliseerde onderneming die voorsitter is. Die ouditfunksies by die onderskeie ondernemings hou vier keer per jaar vergadering met die *Site Audit Committee*. Die hoof interne ouditeur van die organisasie is by elkeen van hierdie vergaderings teenwoordig met die doel om objektiwiteit en onafhanklikheid van die interne ouditeure te bewerkstellig. Die hoof interne ouditeur rapporteer weer op 'n formele basis, vier maal per jaar, direk aan die ouditkomitee van die organisasie.

Na afhandeling van elke oudit word 'n *einde van oudit-evaluasie* gedoen waar die kliënt die werk van die interne ouditeure evalueer en aan die hoof van die betrokke

gedesentraliseerde interne ouditfunksie daaroor rapporteer.

Prestasie-evaluerings van alle personeel word op 'n ses-maandelikse basis uitgevoer, as deel van prestasiebestuur binne die organisasie. Bevorderings en verhogings van personeel word daaraan gekoppel.

Kommunikasie word as 'n baie belangrike element van gehaltebeheer beskou. Die organisasie is 'n lid van die *Corporate Governance Forum* van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika, waar hoofde van ouditkomitees en direkteure byeenkom om gedagtes rondom korporatiewe beheer met mekaar te deel. Die hoof interne ouditeur het 'n maandelikse konsultasie met hulle eksterne ouditeursfirma, waar gedagtes rondom nuwe verwickelinge in besigheid en interne ouditering uitgeruil word. 'n Jaarlikse werkswinkel word vir interne ouditeure binne die organisasie gereël, wat twee tot drie dae duur en waartydens interne ouditeure op hoogte gebring word van die nuutste neigings en ontwikkelinge in interne ouditering.

Inisiatiewe binne die organisasie met betrekking tot gehaltebeheer, dra ook by tot deurlopende evaluering van die interne ouditfunksie.

Sogenaamde *Balance score cards* is reg deur die onderneming opgestel. Gebaseer op vier kwadrante, naamlik finansieel, kliënt, opleiding en monitering moes elke afdeling, individu en hoër gesag, sleutel prestasie-areas vir hulleself identifiseer wat aanpas by hulle afdeling en waarteen hulle gemeet kan word.

Sogenaamde *Service level agreements* is ook tussen afdelings en bestuur aangegaan. Dit behels 'n kontrak wat 'n afdeling met bestuur aangaan, deur middel waarvan die afdeling onderneem om bepaalde dienste aan die organisasie te lewer. 'n Afdeling se werklike prestasie word dan gemeet aan die voorgenome prestasie volgens die kontrak.

Periodieke interne evaluering. Interne evaluering vind plaas onder leiding van die hoof interne ouditeur, en behels die volgende:

- ▶ ‘n Hoëvlak evaluering word deur die hoof interne ouditeur uitgevoer waar, onder andere, die interne ouditfunksies se posisie binne die struktuur van die organisasie en hulle verslagdoeningsverantwoordelikhede ondersoek word. Aandag word ook geskenk aan kommunikasie tussen interne oudit, hoëvlak bestuur, direksie en die ouditkomitee. Die resultate van hierdie evaluering word met die ouditkomitee bespreek en strategiese beplanningssessies mag daaruit voortspruit.
- ▶ ‘n Laervlak evaluasie word op die besture van die gedentraliseerde funksies uitgevoer, deur ‘n span interne ouditeure, aan die hand van ‘n raamwerk en kriteria wat deur die hoof interne ouditeur opgestel is.
- ▶ ‘n Evaluering vind plaas van die gedentraliseerde ouditfunksies. Dit behels dat die verskillende interne ouditfunksies mekaar oor en weer evalueer aan die hand van riglyne wat deur die hoof interne ouditeur voorsien word. Vir hierdie doel besoek ‘n afvaardiging van een gedentraliseerde interne ouditfunksie ‘n ander gedentraliseerde ouditfunksie binne die organisasie om ‘n evaluasie van daardie interne ouditfunksie uit te voer. Tydens hierdie proses word inligting tussen die verskillende interne ouditfunksies uitgeruil en dien dit terselfdertyd as ‘n opleidingsgeleentheid. Resultate van hierdie evaluasies word aan die hoof interne ouditeur gerapporteer. Hierdie metode van evaluering word op ‘n jaarlikse basis herhaal.

Maatstawwe wat vir die doel van interne evaluering gebruik word, is deur die hoof van die interne ouditfunksie in samewerking met die navorsings- en ontwikkelingsbeampte van die interne ouditfunksie ontwikkel. Die maatstawwe is geneem uit drie jaar se tydskrifte van die IIA Inc., *The Internal Auditor*, Die King verslag, *Report of the King Commission on Corporate Governance, 1994* en konsultasie met die organisasie se eksterne ouditeure.

4.4.3 Regulering van die interne evaluering van interne ouditfunksies

Soos gesien kan word uit die bespreking in paragraaf 4.4.2, word deurlopende interne evaluering en periodieke interne evaluering gereedlik deur interne ouditfunksies uitgevoer. Die wyse

waarop dit uitgevoer word, en die metodes wat gebruik word, verskil egter van een interne ouditfunksie tot 'n volgende en hang grootliks af van die voorkeure van die hoof interne ouditeur.

Daar bestaan wel voorskrifte vir die uitvoering van interne evaluasies in die interne ouditstandaarde (kyk paragraaf 3.4.3). Indien 'n interne ouditfunksie nie aan die vereistes vir gehaltebeheer voldoen nie, behoort dit in die eksterne evaluasie uitgewys te word as 'n gebied waar daar nie aan die interne ouditstandaarde voldoen word nie (kyk paragraaf 3.4.6).

4.5 Eksterne evaluering van interne ouditfunksies in Suid-Afrika

4.5.1. Agtergrond

Die empiriese ondersoek, (kyk Bylae I) sowel as die opname deur Venter en Du Bruyn (2001:22) het aangedui dat eksterne evaluering van interne ouditfunksies wel in Suid-Afrika uitgevoer word, dat dit hoofsaaklik deur openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas uitgevoer word en dat dit gewoonlik ooreenkomstig die interne ouditstandaarde uitgevoer word.

Drie van die ses interne ouditfunksies waarmee onderhoude gevoer is tydens die empiriese studie, het reeds eksterne evaluasies ondergaan (kyk paragraaf 4.3.1).

Volgens die opname oor gehaltebeheer, deur Venter en Du Bruyn (2002:22), (kyk paragraaf 4.3) het 28,9 % van interne ouditfunksies in Suid-Afrika aangetoon dat hulle nog nooit 'n eksterne evaluasie ondergaan het nie en ook nie van voornemens is om so 'n evaluasie te ondergaan nie. 9% van Suid-Afrikaanse interne ouditfunksies het aangedui dat hulle nog nooit 'n eksterne evaluasie ondergaan het nie, maar van voornemens is om in die toekoms so 'n evaluasie te ondergaan. By 62,1% van interne ouditfunksies in Suid-Afrika, is daar reeds 'n eksterne evaluasie uitgevoer.

Om meer lig te werp op interne ouditeure se persepsies oor eksterne evaluering en die wyse

waarop die eksterne evaluering van interne ouditfunksies in Suid-Afrika plaasvind, is die volgende aspekte wat uit die vraelys oor gehaltebeheer (kyk Bylae 1) ontleen is en respondente se antwoorde daarop, spesifiek toegelig:

- ▶ Wie verantwoordelik was vir die uitvoering van die eksterne evaluasies, in die gevalle waar dit wel uitgevoer was.
- ▶ Wat respondente se voorkeure is met betrekking tot die persone of instansies wat eksterne evaluasies uitvoer.
- ▶ Watter riglyne en gehaltemaatstawwe gebruik word in die uitvoering van eksterne evaluasies.
- ▶ Met watter frekwensie eksterne evaluasies uitgevoer word.
- ▶ Of die eksterne evaluering van interne ouditfunksies gereguleer moet word.
- ▶ Of daar metodes bestaan om interne ouditfunksies aan te spoor om eksterne evaluasies te ondergaan.
- ▶ Watter voordele die eksterne evaluering vir interne ouditfunksies inhou.
- ▶ Op watter wyse eksterne evaluasies van interne ouditfunksies deur openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en onafhanklike konsultante uitgevoer word.

4.5.2 Persone of instansies verantwoordelik vir die uitvoering van die eksterne evaluasie

By die interne ouditfunksies met wie daar onderhoude gevoer is, is die laaste eksterne evaluasie wat uitgevoer is, in een geval uitgevoer deur die organisasie se eksterne ouditeure. In 'n ander geval het die firma se eksterne ouditeure in samewerking met die interne ouditafdeling van 'n Amerikaanse firma wat 'n belang in die organisasie het, die eksterne evaluasie uitgevoer. In die derde geval is die evaluasie deur 'n onafhanklike konsultant uitgevoer. Die vorige twee eksterne evaluasies van die interne ouditfunksie binne hierdie organisasie, is deur die organisasie se eksterne ouditeure uitgevoer.

Die respondente in die empiriese studie was slegs bewus van twee privaat konsultante, interne ouditeure van ander organisasies en openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas wat Suid-Afrikaanse interne ouditfunksies evalueer, of al geëvalueer het.

In lyn hiermee het die opname deur Venter en Du Bruyn (2002:23) bevind dat die meerderheid interne ouditfunksies se eksterne evaluasie uitgevoer is deur hulle organisasies se eksterne ouditeure (56,7%). Ander konsultasiefirmas wat nie ook verantwoordelik was vir die statutêre audit van die organisasie nie, was verantwoordelik vir 20% van die eksterne evaluasies en 13,3% eksterne evaluasies is uitgevoer deur interne ouditeure van ander organisasies (sogenaamde *peer reviews*). Ander persone verantwoordelik vir eksterne evaluering van interne ouditfunksies, was 'n plaaslike organisasie se internasionale interne auditbestuurder, konsultante wat nie aan 'n openbare rekenmeesters- en ouditeursfirma verbonde is nie en 'n kombinasie van bogenoemde groepe (Venter & Du Bruyn 2002:23).

In Junie 2002 is 'n eksterne evaluasie op 'n interne ouditfunksie vir die eerste keer deur die IIA SA uitgevoer, en wel by die Stadsraad van Johannesburg. Vir dié doel is 'n kundige van die IIA Inc. se *Quality Review Service* gekontrakteer om plaaslike persone in die eksterne evaluering van interne ouditfunksies op te lei en as spanleier op te tree tydens die evaluasie. Volgens die hoof uitvoerende beampte van die IIA SA, Veronica du Preez (2002(1):5), was hierdie eerste poging van die IIA SA 'n groot sukses.

4.5.3 Voorkeure van respondente met betrekking tot die persone of instansies wat eksterne evaluasies uitvoer

Die hoofde van interne ouditfunksies en beamptes van die IIA SA, met wie onderhoude gevoer is, is versoek om, met verstrekking van redes, hulle voorkeure uit te spreek aangaande die persone of instansies wat eksterne evaluasies behoort uit te voer. Daar was verskillende menings in hierdie verband.

- *Enige bevoegde party*

Menings is geopper dat 'n eksterne evaluasie deur enige party, byvoorbeeld onafhanklike konsultante, uitgevoer kan word, solank as wat daardie party,

- ▶ oor die nodige bevoegdheid beskik om 'n interne ouditafdeling te evalueer,
- ▶ onafhanklik is,

- ▶ in staat is om waarde toe te voeg, en
- ▶ bekostigbaar is vir die organisasie.

Van die respondente het voorgestel dat die IIA SA persone of organisasies behoort te akkrediteer as geskik om eksterne evaluasies van interne ouditfunksies uit te voer. Hulle dienste kan dan deur interne ouditfunksies gebruik word. Hulle het ook voorgestel dat die IIA SA finansieel vir hierdie diens vergoed behoort te word.

- *Eksterne ouditeure*

Daar was redenasies ten gunste van die eksterne evaluering van interne ouditfunksies deur die organisasie se eksterne ouditeure en redenasies daarteen.

Redenasies ten gunste daarvan was die volgende:

- ▶ Uit die perspektief van 'n genoteerde maatskappy is goeie verhoudinge met die eksterne ouditeure noodsaaklik. Die omvang van die interne ouditfunksie se werk word bepaal deur die interne ouditafdeling, bestuur, die ouditkomitee en die eksterne ouditeure se beoordeling van risiko. Die eksterne ouditeure verstaan die risiko's van die onderneming beter en is daarom beter by magte om waarde toe te voeg deur die uitvoering van 'n eksterne evaluasie van die interne ouditfunksie.
- ▶ Eksterne evaluasies van interne ouditfunksies, uitgevoer deur die eksterne ouditeure, dra by tot 'n beter vennootskap tussen interne en eksterne oudit, sodat 'n beter gesamentlike en gekoördineerde diens deur die twee partye gelewer kan word.
- ▶ Eksterne ouditeure het voldoende kennis van interne ouditering, hulle verstaan die besigheid en daar bestaan 'n goeie verhouding tussen interne en eksterne oudit.

Redenasies daarteen was die volgende:

- ▶ Eksterne ouditeure beskik nie altyd oor genoegsame kennis van interne ouditering nie.
- ▶ Vir die doel van onafhanklikheid behoort 'n eksterne evaluasie nie deur die organisasie se eksterne ouditeure uitgevoer te word nie.
- ▶ Eksterne evaluering deur eksterne ouditeure kan alleen van waarde wees as dit uitgevoer word deur iemand of deur 'n groep konsultante wat 'n begrip het van die rol van interne auditfunksies. Daar is sommige openbare rekenmeesters en ouditeurs wat bevoeg is om eksterne evaluasies van interne auditfunksies uit te voer, maar ander het nie voldoende begrip van interne ouditering nie en behoort nie interne auditfunksies te evalueer nie. Indien 'n eksterne evaluasie wel uitgevoer word deur 'n openbare rekenmeesters- en ouditeursfirma, kan dit nie deur so 'n firma se statutêre afdeling of belastingkonsultasieafdeling uitgevoer word nie, maar moet dit deur die afdeling verantwoordelik vir interne auditdienste uitgevoer word.
- *Die IIA Inc.*

Die IIA Inc. word nie as 'n opsie oorweeg nie, weens die hoë koste daaraan verbonde om persone vanuit die Verenigde State van Amerika te kontrakkeer.

- *Die IIA SA*

Die gehaltehersieningsdiens van die IIA SA is in Desember 2001 aangekondig (kyk paragraaf 3.2) en ten tye van die empiriese studie in 2001 (kyk paragraaf 4.1), het die IIA SA nog nie 'n eksterne evaluasie van 'n interne auditfunksie onderneem nie.

Menings ten gunste van so 'n diens deur die IIA SA, was soos volg:

- ▶ Dit behoort meer bekostigbaar te wees.
- ▶ Dit behoort enige konflik van belange uit te skakel.
- ▶ Dit behoort objektief te wees.

- ▶ Persone behoort gebruik te word wat geskik is vir die werk, naamlik slegs gesertifiseerde interne ouditeure (CIA's) wat oor die nodige ondervinding beskik.

Menings nie ten gunste van so 'n diens nie, was soos volg:

- ▶ Die IIA SA beskik op die oomblik nie oor die fasiliteite om eksterne gehalteherienings uit te voer nie.
- ▶ Dit gaan slegs uitgevoer word om fondse vir die IIA SA in te bring. Indien interne ouditfunksies eerder spanne onder mekaar vorm om mekaar te evalueer, kan koste bespaar word en dien dit terselfdertyd as 'n leerskool vir die betrokke spanlede.

Volgens die opname deur Venter en Du Bruyn (2002:23), het 84% van interne ouditfunksies aangedui dat hulle geïnteresseerd sou wees in 'n eksterne evaluasie, uitgevoer deur die IIA SA, teenoor 16% wat nie in so 'n diens belangstel nie.

Volgens die *Team of The City* (2002:25), die interne ouditfunksie waar 'n eksterne evaluasie vir die eerste keer deur die IIA SA uitgevoer is (kyk paragraaf 4.5.2), is 'n eksterne evaluasie, deur die IIA SA die mees objektiewe en eenvoudigste manier om vas te stel of 'n interne ouditfunksie op die regte spoor is en werklik waarde tot 'n organisasie toevoeg.

4.5.4 Riglyne en gehaltemaatstawwe gebruik in die eksterne evaluering van interne ouditfunksies

Die volgende riglyne word volgens die respondente, normaalweg in die uitvoering van eksterne evaluasies gebruik:

- ▶ Riglyne van die IIA Inc. se *Quality Assurance Service* vir die evaluering van interne ouditfunksies, byvoorbeeld die *Quality Assessment Manual*, wat deur die IIA Inc. ontwikkel is.
- ▶ Die interne ouditstandaarde.

Die volgende gehaltemaatstawwe word volgens respondente in die eksterne evaluering van interne ouditfunksies gebruik:

- ▶ Die interne ouditstandaarde, aangepas vir die bepaalde omstandighede van die organisasie.
- ▶ Vereistes van die Instituut van Direkteure, ingevolge die verslag van die King Komitee.
- ▶ Vereistes van Tesourieregulasies ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, No.1 van 1999 (soos gewysig).
- ▶ Vereistes van die ouditkomitee en senior bestuur.
- ▶ Standaarde ontwikkel deur individue of organisasies wat eksterne evaluasies van interne ouditfunksies uitvoer.
- ▶ Beste praktyke van interne ouditfunksies.
- ▶ Die ouditprogram vir elke fase van die oudit.
- ▶ Die verslagdoeningstruktuur en die neerslag wat dit vind in die prosesse van die interne ouditprojek.

Respondente is van mening dat gehaltemaatstawwe aangepas moet word vir verskillende vlakke van interne ouditfunksies.

4.5.5 Die frekwensie waarmee interne ouditfunksies ekstern geëvalueer word

Volgens die empiriese studie was daar geen konsekwentheid in hierdie verband nie. By een organisasie is dit beleid om die interne ouditfunksie elke tweede jaar te evalueer. By 'n ander organisasie word die bepaling van die interne ouditstandaarde gebruik as riglyn vir die frekwensie van eksterne evaluasies. (Voorheen, elke drie jaar, nou elke vyf jaar.) Nog 'n organisasie was van mening dat 'n eksterne evaluasie elke twee jaar voldoende is.

Die opname deur Venter en Du Bruyn (2002:22.) het egter aangedui dat 60% van interne ouditfunksies elke drie jaar eksterne evaluering ondergaan; 25%, een maal elke twee jaar en 6%, een maal elke jaar. By slegs 9% van interne ouditfunksies wat eksterne evaluering ondergaan, word die eksterne evaluasie minder as een maal elke drie jaar uitgevoer.

Met die interpretasie van die bogenoemde inligting, moet in ag geneem word dat die respondente gereageer het op prosedures wat gevolg is toe die interne ouditstandaarde bepaal het dat eksterne

evaluasies elke drie jaar uitgevoer behoort te word. Die interne ouditstandaarde is intussen gewysig en bepaal nou dat eksterne evaluasies elke vyf jaar uitgevoer behoort te word. Daar kan dus verwag word dat die grootste persentasie interne ouditfunksies in die toekoms elke vyf jaar ekstern geëvalueer sal word.

4.5.6 Regulering van die eksterne evaluering van interne ouditfunksies

Omdat die interne ouditstandaarde nie statutêr op alle interne ouditfunksies afgedwing word nie, is die eksterne evaluering van interne ouditfunksies ook nie statutêr afdwingbaar nie. Slegs 56,3% van die interne ouditfunksies wat al 'n eksterne evaluasie ondergaan het, het dit gedoen om uitvoering te gee aan die bepalinge van die interne ouditstandaarde (Venter & Du Bruyn 2002:22).

Die helfte van die respondente in die empiriese studie was ten gunste daarvan dat die eksterne evaluering van interne ouditfunksies afdwingbaar moet wees op interne ouditfunksies. Die belangrikste motiverings vir hierdie mening was soos volg:

- ▶ Die eksterne evaluering van interne ouditfunksies word deur die interne ouditstandaarde voorgeskryf en interne ouditfunksies behoort aan die interne ouditstandaarde te voldoen.
- ▶ Openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas voldoen streng aan die interne ouditstandaarde sowel as die eksterne ouditstandaarde, omdat eersgenoemde deur hulle firmas en laasgenoemde deur die Wet op Openbare Rekenmeesters-en Ouditeurs, No.80 van 1991, van hulle vereis word. Daar is egter geen beheer oor interne ouditfunksies se voldoening aan die interne ouditstandaarde nie.
- ▶ Geen instansie kan werklik seker wees van die gehalte van sy interne ouditfunksie se dienste tensy dit onafhanklik geëvalueer word nie.

Die ander respondente was egter van mening dat die eksterne evaluering van interne ouditfunksies nie afgedwing behoort te word nie. As motivering vir hulle menings, is die volgende aangevoer:

- ▶ Daar is 'n ingeboude konflik aanwesig in die gedagte van geforseerde eksterne evaluering. Indien die eksterne evaluering van interne ouditfunksies op hulle afgedwing

word, kan dit weersin wek by interne ouditeure en sodoende die voordele wat uit 'n eksterne evaluasie kan voortspruit, verskraal. Eksterne evaluasies behoort deur die hoof interne ouditeur aangevra te word op grond van die voordele wat dit vir hulle inhou en nie omdat hulle daartoe gedwing word nie.

- ▶ Die gehalte van die interne auditfunksie is die verantwoordelikheid van die organisasie se auditkomitee. Die verantwoordelikheid daarvoor kan nie deur 'n ander instansie of liggaam oorgeneem word nie.
- ▶ Eksterne evaluering kan nie afgedwing word nie, omrede die interne auditstandaarde nie statutêr afdwingbaar is op interne ouditeure nie. Eksterne evaluasies kan slegs afgedwing word waar interne auditfunksies deur wetgewing gedwing word om aan die interne auditstandaarde te voldoen.
- ▶ Interne auditfunksies moet self-regulerend bly en nie statutêr gereguleer word nie.

4.5.7 Metodes om interne auditfunksies aan te spoor om eksterne evaluering te ondergaan

Respondente het die volgende voorstelle geopper as metodes hoe interne auditfunksies aangemoedig kan word om eksterne evaluering te ondergaan:

- ▶ Die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika kan riglyne aan auditkomitees beskikbaar stel ten opsigte van die doel en funksionering van interne auditfunksies.
- ▶ Auditkomitees behoort die eksterne evaluering van interne auditfunksies aan te vra en dit behoort deur die Instituut van Direkteure byvoorbeeld deur middel van die King verslag aangemoedig te word.
- ▶ Die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika behoort die noodsaaklikheid vir eksterne evaluering onder die aandag te bring van hoofde van interne auditfunksies en ook die feit te beklemtoon dat versuim om eksterne evaluering te ondergaan, neerkom op nie-voldoening aan die interne auditstandaarde.
- ▶ Volgens die nuwe Kwalifikasie Raamwerk (kyk afdeling 3.2.2) wat deur die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika daargestel is, moet mense wat op sekere vlakke ingevolge hierdie raamwerk wil registreer, aan sekere vereistes van opleiding voldoen. Die IIA SA behoort interne auditfunksies te akkrediteer om hierdie opleiding te verskaf

en kan as voorvereiste vir akkreditering, die gereelde uitvoer van 'n eksterne evaluasie voorskryf. Sodoende sal slegs interne ouditfunksies wat aan die interne ouditstandaarde voldoen, aansoek kan doen om akkreditering en sal hulle dus elke vyf jaar eksterne evaluering moet ondergaan.

- ▶ Die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika behoort eksterne evaluasies op 'n paar interne ouditfunksies uit te voer en die resultate daarvan te publiseer om sodoende die eksterne evaluering van interne ouditfunksies te bemark.

Die nuwe bepalings van die interne ouditstandaarde wat interne ouditfunksies verplig om eksterne evaluering te ondergaan indien hulle wil verklaar dat hulle werk ooreenkomstig die interne ouditstandaarde uitgevoer is en die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet no 1 van 1999 (soos gewysig), wat bepaal dat interne ouditering ooreenkomstig die interne ouditstandaarde moet geskied, behoort volgens die outeur ook baie interne ouditfunksies in Suid-Afrika te motiveer om eksterne evaluasies te ondergaan.

4.5.8 Voordele van die eksterne evaluering van interne ouditfunksies

An IIA QAR certification is not an unequivocal guarantee of perfection but, with the very auditing concept starting to be questioned, the average director would no doubt sleep better at night knowing their internal audit service has earned an independent certificaion of Q[q]uality (Ford 2002:15).

Volgens die hoofde van die interne ouditfunksies wat reeds eksterne evaluering ondergaan het en met wie onderhoude gevoer is, hou die eksterne evaluering van interne ouditfunksies die volgende voordele vir die interne ouditfunksie en die organisasie in:

- ▶ Dit is voordelig om 'n objektiewe mening oor die interne ouditfunksie te bekom en vas te stel of die interne ouditfunksie voldoen aan die maatstawwe wat gebruik is tydens die evaluasie.
- ▶ Verslagdoeningskanale binne die organisasie word reggestel.
- ▶ Die interne ouditfunksies se betroubaarheid word op hierdie wyse bewys.
- ▶ Dit is 'n hulpmiddel in die opheffing van die profiel van die interne ouditfunksie binne

die onderneming.

- ▶ Die ouditkomitee verkry gerusstelling aangaande die funksionering van die interne ouditfunksie.
- ▶ Die eksterne ouditeure se omvang van werk verminder, met 'n gepaardgaande finansiële besparing vir die organisasie.
- ▶ Die onderhoude wat met mense op alle vlakke binne die onderneming gevoer word oor interne ouditering, bring 'n beter begrip van die interne ouditfunksie binne die onderneming tuis.

4.5.9 Die wyse waarop eksterne evaluasies van interne ouditfunksies deur openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en onafhanklike konsultante uitgevoer word

Volgens gesprekke met vennote by openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en 'n onafhanklike konsultant, word eksterne evaluasies van interne ouditfunksies normaalweg uitgevoer op versoek van 'n kliënt se ouditkomitee of die interne ouditfunksie self. Die doel is gewoonlik om waarde tot die organisasie toe te voeg deur die interne ouditfunksie te evalueer, tekortkominge in die funksie uit te wys en verbeterings aan die hand te doen waar nodig. Opvolgondersoeke word na verloop van tyd uitgevoer om vas te stel of aanbevelings geïmplementeer is.

In die geval van statutêre oudits versoek openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas soms hulle interne ouditkonsultasie afdelings om evaluasies van interne ouditfunksies uit te voer. Die doel met hierdie evaluering van die interne ouditfunksie is om te bepaal of die eksterne ouditeure op die werk van die interne ouditafdeling kan vertrou. Hierdie evaluasies geskied aan die hand van die eksterne ouditeursprofessie se Ouditstandaard 610: *Oorweging van die werk van interne audit*, en gee nie uitvoering aan die vereistes van die interne ouditstandaarde nie.

Die verslag na afloop van die eksterne evaluasie word gerig aan die opdraggewer, hetsy die ouditkomitee of die hoof interne ouditeur. Verslae word altyd gelewer na konsultasie met die interne ouditeure om seker te maak van die feitlike korrektheid van die bevindinge.

Soms word die verslag in twee verdeel. Die gedeeltes wat die huishoudelike aangeleenthede van die interne ouditfunksie beskryf, word losgemaak van die res van die verslag en is dan net vir die aandag van die hoof interne ouditeur. Aangeleenthede wat op hoër vlak aangespreek moet word, byvoorbeeld die interne ouditfunksie se posisie binne die onderneming, verslagdoeningstrukture en ander aspekte wat buite die interne ouditfunksie aangespreek moet word, word aan topbestuur en die ouditkomitee gerapporteer.

Indien 'n interne ouditfunksie nie aan die interne ouditstandaarde voldoen nie, lewer die firma of konsultant verslag daaroor aan die ouditkomitee en opbouende advies word aan die hoof van die interne ouditfunksie gegee om die interne ouditfunksie te verbeter. 'n Ondersoek word na verloop van tyd uitgevoer om op te volg of aanbevelings geïmplementeer is.

4.6 Betrokkenheid van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika by gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika

4.6.1 Rol van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika met betrekking tot gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika

Al die respondente in die empiriese studie was dit eens dat die IIA SA wel 'n rol moet vervul met betrekking tot gehaltebeheer binne interne ouditfunksies. Daar is egter meningsverskille oor wat hierdie rol behoort te wees.

Sommige respondente was van mening dat die IIA SA, 'n aktiewe rol moet speel, deur self interne ouditfunksies ekstern te evalueer.

Die meerderheid respondente was egter van mening dat die IIA SA nie self interne ouditfunksies behoort te evalueer nie, maar dat hulle ondersteunend en raadgewend moet optree deur byvoorbeeld:

- ▶ Standaarde en riglyne vir die uitvoering van eksterne evaluasies beskikbaar te stel.
- ▶ Eksterne evaluasies van interne ouditfunksies by hoof interne ouditeure en

ouditkomitees aan te moedig.

- ▶ Persone en organisasies te akkrediteer wat geskik is om interne ouditfunksies ekstern te evalueer en inligting oor sodanige persone en organisasies aan interne ouditfunksies en ouditkomitees beskikbaar te stel.
- ▶ Industrie-gekoppelde belangegroepe te vorm, waar lede hulleself teen ander interne ouditeure in dieselfde industrie kan meet en gedagtes kan uitruil.
- ▶ Maatstawwe beskikbaar te stel waaraan interne ouditfunksies se prestasie gemeet kan word, byvoorbeeld die *Global Audit Information Network (GAIN)*.
- ▶ Kontakbesonderhede van persone en organisasies wat in staat is om interne ouditfunksies ekstern te evalueer aan ouditkomitees en hoof interne ouditeure deur te gee.
- ▶ Navorsing te doen oor beste praktyke en maatstawwe vir die evaluering en meting van die prestasie van interne ouditfunksies.
- ▶ Die interne ouditeursberoep te bemark.

4.6.2 Inisiatiewe van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika om gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika te bevorder

Onderhoude met ampsdraers van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika was daarop gerig om vas te stel watter inisiatiewe die Instituut tans aan die dag lê om gehaltebeheer binne interne ouditfunksies te bevorder. Hulle het die volgende inligting in die verband verskaf:

- *Kontrak met die IIA Inc., om die Quality Assessment Program, wat deur hulle ontwikkel is, te kan gebruik*

Koste, wat die vernaamste afskrikmiddel is wanneer interne ouditfunksies oorweging skenk aan eksterne evaluasies, kan aansienlik verminder word indien die IIA SA die evaluasies wat op die oomblik deur die IIA Inc. uitgevoer word, self plaaslik uitvoer. Daar is egter kopiereg geregistreer oor die gebruik van die program wat vir hierdie doel deur die IIA Inc. ontwikkel is.

Die IIA SA het daarom pogings aangewend om 'n kontrak met die IIA Inc. aan te gaan wat

toestemming aan die IIA SA sal verleen om die *Quality Assessment Program* en dokumentasie wat deur die IIA Inc. ontwikkel is, te gebruik vir die uitvoering van eksterne evaluasies in Suid-Afrika. Soortgelyke kontrakte is al deur die IIA Inc. met ander lande soos Frankryk gesluit. Volgens 'n telefoniese gesprek met die hoof uitvoerende beampte van die IIA SA, Veronica du Preez, op 25 Maart 2003, is die kontrak nog nie gefinaliseer nie. Die rede is dat die IIA SA nie van plan is om van die volledige dienste gebruik te maak wat die IIA Inc. in terme van so 'n kontrak bied nie en dus nie bereid is om 15% van die fooie wat gevra word, aan die IIA Inc. af te staan nie. Die IIA SA wil die diens so goedkoop moontlik aanbied en wil daarom nie onderhewig wees aan onnodige heffings nie.

- *Aanbieding van opleiding in die evaluering van interne ouditfunksies*

Op uitnodiging van die IIA SA, het 'n verteenwoordiger van die IIA Inc. se *Quality Assurance Review Service*, Ron Ridel, gedurende Junie 2002 die IIA SA besoek en nege persone opgelei in die eksterne evaluering van interne ouditfunksies. 'n Eksterne evaluasie deur die IIA SA is direk daarna uitgevoer op die Stadsraad van Johannesburg se interne ouditfunksie op grond van die handleidings en modelle wat deur die IIA Inc. ontwikkel is en met Ron Ridel as spanleier. Twee van die persone wat opleiding ondergaan het, J. Grobler en E. Heyn, was as spanlede by die evaluasie betrokke.

Twee drie-dag opleidingsessies, getiteld *Business Focused Quality Assurance Review*, is deur die IIA SA gereël vir Maart en April 2003 en is deur Judy Grobler aangebied, (IIA SA 2003:19-20).

- *Werwing van vrywilligers en samestelling van spanne vir die evaluering van interne ouditfunksies*

Om die eksterne evaluasies te kan uitvoer, moet die IIA SA die nodige spanleiers oplei en spanlede werf. Die eerste werwingspoging vir vrywilligers om as spanleiers en spanlede op te tree, is in Februarie 2001 gedoen deur middel van 'n artikel deur die voormalige Hoof Uitvoerende Beampte van die IIA SA in die *IIA IA Adviser* (Hodson 2001:16-17). Dit is gevolg deur gereelde advertensies van die IIA SA se gehalteversekeringsdiens in die *IIA IA Adviser*.

Die aantal spanlede per opdrag hang af van die grootte van die organisasie en die grootte van die interne ouditfunksie wat geëvalueer moet word, die oorsig van die ondersoek en die struktuur en ligging van die interne ouditfunksie. 'n Span behoort egter uit minstens twee persone te bestaan, wat uit 'n databasis van vrywilligers geselekteer word en waarvan die een as spanleier sal optree. Alle spanlede moet oor die *Certified Internal Auditor* kwalifikasie beskik en ondervinding in interne ouditering op bestuursvlak hê. Hulle neem vrywillig deel. Spanlede word slegs vir hulle uitgawes vergoed en verdien ure wat gebruik kan word vir die doel van voortgesette professionele ontwikkeling in terme van die IIA Inc. se *Continuing Professional Development Programme* (IIA 2002: 11).

Spanleiers moet ook oor die *Certified Internal Auditor* (CIA) kwalifikasie beskik en moet ervaring hê wat vergelykbaar is met die van die hoof van die interne ouditfunksies wat geëvalueer word. Hulle ontvang vergoeding aangesien hulle verantwoordelik sal wees vir die aanvanklike veldwerk, organisering en uitreiking van die finale verslag (IIA 2002:12).

Tot dusver het 20 mense hulleself as vrywilligers beskikbaar gestel (Du Preez 2003).

- *Bemaking van die gehaltehersieningsdiens in Suid-Afrika*

'n Volgende stap is om interne ouditfunksies aan te moedig om eksterne evaluasies te laat uitvoer. Volgens die voormalige hoof uitvoerende beampte van die IIA SA het hy uit ondervinding geleer dat hierdie 'n tydsame proses kan wees. Hy het beoog om die gehaltehersieningsdiens te bemark aan lede van die instituut sowel as aan uitvoerende hoofde, besture en direksies van organisasies (Hodson 2001).

Omrede die kontrak met die IIA Inc. nog nie gefinaliseer is nie en die IIA SA nog nie die strukture in plek het om eksterne evaluasies met oorgawe uit te voer nie, is die gehaltehersieningsdiens nog nie aan direksies en ouditkomitees bekendgestel nie. Die Raad van die IIA SA het ook nog nie genoeg vertroue in hierdie diens om dit wyer as aan instituutlede te bemark nie (Du Preez 2003).

- *Implementering*

‘n Hele paar aangeleenthede geniet tans voorkeur by die Instituut, waarvoor gehaltebeheer binne interne ouditfunksies moet terugstaan. Die IIA SA het ‘n tekort aan personeel om die administrasie van die gehaltehersieningsdiens te hanteer. Judy Grobler, in die portefeulje van *IIA SA Vice-President Products and Services*, is tans in beheer van die gehaltehersieningsdiens. ‘n Versoek is reeds van die Johannesburg Stad se interne ouditfunksie ontvang dat ‘n opvolg evaluasie daar uitgevoer moet word en die mynmaatskappy: *Impala Platinum*, se interne ouditfunksie het ‘n eksterne evaluasie deur die IIA SA later in 2003 aangevra. Verwagtinge is egter dat daar in afwagting van beslissings oor die kontrak met die IIA Inc., in 2003 nie veel meer op die gebied van gehaltebeheer gedoen sal word nie, maar dat dit in 2004 van die grond af sal kom (Du Preez 2003).

- *Magte en bevoegdhede van die IIA Inc. en die IIA SA met betrekking tot die eksterne evaluering van interne ouditfunksies*

Die Instituut van Interne Ouditeure kan slegs beheer uitoefen oor sy geregistreerde lede en is nie by magte om op te tree teen ‘n interne ouditfunksie wat nie aan die interne ouditstandaarde voldoen nie, buiten om die aangeleentheid na afhandeling van ‘n eksterne evaluasie aan die hoof uitvoerende beampte van die organisasie en die hoof van die ouditkomitee te rapporteer. Opvolgevaluasies sal slegs op versoek uitgevoer word. ‘n Komitee sal moontlik aangestel word om enige klagtes aangaande interne ouditfunksies wat nie aan die interne ouditstandaarde voldoen nie, te hanteer. Geen riglyne in hierdie verband is nog van die IIA Inc. ontvang nie (Du Preez 2003).

Vyftig persent van die respondente in die empiriese studie was van mening dat die IIA SA self behoort op te tree teen interne ouditfunksies wat nie aan die interne ouditstandaarde voldoen nie en nie eksterne evaluasies ondergaan nie. Die ander 50% was van mening dat die IIA SA nie by magte is om teen interne ouditfunksies op te tree nie en dat die verantwoordelikheid om op te tree by die ouditkomitee lê.

Diegene wat van mening is dat die IIA SA behoort op te tree, voer aan dat daar 'n leemte in die opsig by die IIA SA bestaan wat aangespreek moet word. Die IIA SA moet bemaagtig word om op te tree teen lede wat nie die interne ouditstandaarde nakom nie. Daar is voorgestel dat 'n komitee daargestel word binne die IIA SA om na hierdie aangeleentheid om te sien. Indien die IIA SA toesien dat interne ouditfunksies aan die interne ouditstandaarde voldoen, sal die aansien en status van die interne ouditeursberoep in Suid-Afrika verbeter.

Sommige respondente was van mening dat dit die verantwoordelikheid van die ouditkomitee binne 'n organisasie is om toe te sien dat die interne ouditafdeling aan die interne ouditstandaarde voldoen. Hulle was ook van mening dat die Instituut tog 'n aanvullende rol in hierdie verband behoort te vervul deur:

- ▶ Interne ouditfunksies te akkrediteer wat wel aan die interne ouditstandaarde voldoen.
- ▶ In voeling te bly met die prestasie van interne ouditfunksies om sodoende ontwikkelingsmoontlikhede te identifiseer en te fasiliteer.
- ▶ Ouditkomitees aan te moedig om toe te sien dat interne ouditfunksies gehoor gee aan aanbevelings wat voortspruit uit 'n eksterne evaluasie.

4.6.3 Respondente se menings oor die nuwe inisiatiewe van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika ten opsigte van die eksterne evaluering van interne ouditfunksies

Alhoewel sommige respondente in die empiriese studie positief was oor die IIA SA se beoogde gehaltehersieningsdiens, was die meeste respondente skepties daarvoor. Die menings van respondente aangaande die IIA SA se inisiatiewe rondom gehaltebeheer, soos gepubliseer in 'n artikel deur P Hodson in die *IIA IA Adviser*, Februarie 2001, was soos volg:

- ▶ Dit kan bevorderlik wees vir die interne ouditeursberoep.
- ▶ Dit mag kostevoordelig wees as eksterne oorsigte op die wyse uitgevoer word, soos voorgestel. Dit hang egter af uit wie die span saamgestel word.
- ▶ Die blootstelling en opleiding wat spanlede sal kry, kan voordelig wees.
- ▶ Die inisiatief kan positief bydra tot gehaltebeheer binne die interne ouditeursberoep.
- ▶ Gegewe die kompetisie tussen verskillende organisasies binne 'n bepaalde industrie, sal

een organisasie nie iemand van 'n ander organisasie toelaat om 'n eksterne evaluasie uit te voer en op daardie wyse toegang verkry tot vertroulike inligting nie.

- ▶ Niemand kan bekostig om tyd af te neem by die werk vir die uitvoering van 'n eksterne evaluasie nie en niemand sal bereid wees om hulle verlof daarvoor op te offer nie.
- ▶ Die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika is nog nie gereed daarvoor nie en hulle moet nie hierdie diens probeer gebruik om geld te maak vir die Instituut nie.
- ▶ Indien die IIA SA beoog om deur middel van die gehaltehersieningsdiens, die standaard van die interne ouditeursberoep te verhoog, gaan hulle nie in hierdie doel slaag nie. Die rede is dat slegs daardie interne ouditfunksies wat weet dat hulle aan die standaard voldoen, 'n eksterne evaluasie sal aanvra. Interne ouditfunksies wat nie aan die standaard voldoen nie, sal steeds op hulle eie trant voortgaan.
- ▶ Die hoof interne ouditeur gaan nie toelaat dat enigiemand sy afdeling kritiseer nie. Die span wat die evaluasie uitvoer, sal totaal onafhanklik en uiters bevoeg moet wees om 'n eksterne evaluasie uit te voer.

4.7 Die benutting van riglyne, hulpmiddels en dienste vir gehaltebeheer, wat by die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika en die *Institute of Internal Auditors, Inc.* beskikbaar is

Riglyne en hulpmiddels oor gehaltebeheer binne interne ouditfunksies asook riglyne en hulpmiddels vir die uitvoering van interne en eksterne evaluasies van interne ouditfunksies is wel by die IIA SA beskikbaar. Die hoofde van interne ouditfunksies met wie onderhoude gevoer is, is uitgevra oor hulle menings aangaande sommige van die beskikbare inligting en hulpmiddels. Uit die reaksie van die respondente, wat almal gehaltebeheer binne hulle interne ouditfunksies beoefen, wil dit voorkom asof lede van die IIA SA nie ten volle op hoogte is van die hulpmiddels en riglyne wat by die IIA SA beskikbaar is nie. Die rede hiervoor lê volgens die skrywer, óf by swak bemerking en verspreiding van inligting aan lede deur die IIA SA óf by die onbetrokkenheid van hoofde van Interne Ouditfunksies en ander lede van die IIA SA by Instituut aangeleentheid.

4.7.1 Die *Quality Assurance Guide*

In 1998 het die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika 'n konsep dokument onder sy lede en hoofde van interne ouditfunksies gesirkuleer, genaamd die *Quality Assurance Guide*.

Die doel met die dokument was om standaarde vir interne ouditfunksies aan ouditkomitees deur te gee. Volgens 'n uitgetrede president van die IIA SA, onder wie se naam die konsep dokument uitgegaan het, het terugvoer wat vanaf lede van die Instituut verkry is, daarop gedui dat hulle tevrede was met die dokument. (Newsome 2001). Die dokument sou in die vorm van 'n inligtingstuk deur die IIA SA gepubliseer word, maar dit het nie gerealiseer nie.

Buiten vir ampsbekleërs van die IIA SA, kon slegs drie van die persone waarmee onderhoude gevoer is, die dokument onthou. Een persoon was van mening dat dit 'n goeie bruikbare dokument was, maar dat dit swak bemark was deur die Instituut. 'n Ander persoon was van mening dat die tydsberekening vir die uitgee van die dokument verkeerd was aangesien die *Competency Framework for Internal Auditors* en die nuwe interne ouditstandaarde intussen die lig gesien het wat die kans dat die dokument bygewerk sal word, beperk.

4.7.2 Die *Quality Assessment Manual*

Die jongste handleiding van die IIA Inc. se *Quality Assurance Review Service: Quality Assessment Manual, 4th Edition*, kan by die IIA Inc. se boekwinkel aangekoop word en is ook in die plaaslike instituut se biblioteek verkrygbaar.

Die helfte van die persone met wie onderhoude gevoer is tydens die empiriese studie, was bekend met die handleiding van die IIA Inc. en het dit beskou as 'n goeie handleiding met goeie riglyne. Drie van die respondente het al die handleiding of gedeeltes daarvan gebruik in evaluasies van hulle interne ouditfunksies. Die ander het nie kennis gedra van die bestaan van die handleiding nie.

4.7.3 Die *Global Auditing Information Network (GAIN)*

Die *Global Auditing Information Network*, wat algemeen as GAIN bekend staan, is 'n databasis waarop inligting aangaande interne ouditfunksies wat op die stelsel ingeteken is en hulle organisasies ingelees word. Hierdie inligting word dan as 'n maatstaf gebruik om hulleself teen ander interne ouditfunksies in dieselfde industrie te vergelyk.

Interne ouditfunksies is wel bewus van die bestaan van GAIN. Teen einde Maart 2001 was daar egter slegs 20 Suid-Afrikaanse intekenaars op GAIN (Hodson 2001).

Twee van die interne ouditfunksies met wie onderhoude gevoer is, oorweeg dit om op GAIN in te teken. Een interne ouditfunksie beskou dit as 'n duur oefening en teken nie elke jaar daarop in nie. Een interne ouditfunksie kry deur middel van hulle eksterne ouditeure toegang tot GAIN. Die oorblywende twee interne ouditfunksies is wel gereelde intekenaars.

Een eksterne ouditeursfirma teken in op GAIN, terwyl die ander twee firmas nie daarop inteken nie. Die een firma hou self 'n internasionale databasis van hulle kliënte op datum vir vergelykingsdoeleindes.

Verskillende menings wat oor GAIN gehuldig word, is soos volg:

Hoofde van interne ouditfunksies met wie onderhoude gevoer is tydens die empiriese studie, huldig die volgende menings:

- ▶ Dit is interessant om hulle eie interne ouditfunksies met ander te vergelyk, maar dit moet nie verpligtend wees nie. Meting teen GAIN behoort deel te vorm van 'n eksterne evaluasie.
- ▶ GAIN bied 'n unieke geleentheid aan interne ouditfunksies om hulleself te kan meet aan ander interne ouditfunksies in dieselfde industrie.
- ▶ GAIN is intern gefokus, maar nie kliëntgebaseer nie. Dit kan help met die beoordeling van 'n interne ouditfunksie se interne vermoë, maar kan nie aangewend word om 'n interne ouditfunksie se prestasie te beoordeel nie. GAIN slaag byvoorbeeld nie daarin om die interne ouditfunksie se voldoening aan bestuur se vereistes te meet nie.
- ▶ GAIN kan gebruik word om 'n interne ouditfunksie op die regte spoor te plaas. Dit kan

ook goed deur 'n interne ouditfunksie gebruik word in verslae aan die ouditkomitee om te bewys dat die interne ouditfunksies tred hou met internasionale tendense in interne ouditering.

Vennote by openbare rekenmeestersfirmas en die konsultant met wie onderhoude gevoer is tydens die empiriese studie, se menings was soos volg:

- ▶ GAIN behels slegs 'n vergelyking van syfers wat nie van veel betekenis is nie.
- ▶ Die konsep van GAIN is goed, maar dit het bepaalde tekortkominge. Dit bied slegs 'n jaarlikse databasis, wat die inligting minder bruikbaar maak, daar is nie kwartaallikse meting nie. 'n Drie jaar bewegende databasis behoort volgens hulle bygehou te word op 'n intydse stelsel, sodat die intekenaars enige tyd toegang kan verkry tot bygewerkte data.

4.7.4 Die *Quality Assurance Review Service - IIA Inc.*

Die IIA Inc. bemark ook hulle eksterne gehaltehersieningsdiens (Quality Assurance Review Service) in Suid-Afrika (Institute of Internal Auditors South Africa 2000:19). Volgens navraag by die onderskeie respondente in die empiriese studie, was daar in die verlede al enkele Suid-Afrikaners as spanlede betrokke by eksterne evaluasies wat deur die IIA Inc. in Afrika uitgevoer is. Sover bekend het nog geen interne ouditfunksie in Suid-Afrika egter al so 'n evaluasie deur die IIA Inc. ondergaan nie. Sommige hoofde van interne ouditfunksies sou wel belangstel in 'n evaluasie deur die IIA Inc., maar word afgeskrik deur die koste daaraan verbonde.

Volgens respondente in die empiriese studie, is pogings in die verlede van stapel gestuur om 'n span van die IIA Inc. se *Quality Assurance Review Service* na Suid-Afrika te laat uitkom sodat hulle 'n paar interne ouditfunksies kon evalueer. Daar was egter nie genoeg belangstelling van interne ouditfunksies om die oefening lewensvatbaar te maak nie en die pogings het dus nie gerealiseer nie. Respondente se grootste beswaar teen hierdie diens, is die hoë koste verbonde aan eksterne evaluasies deur die IIA Inc.

4.8 Samevatting

Die empiriese studie wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is uitgevoer met die doel om vas te stel wat die huidige stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika is. Twaalf respondente wat aan die hand van doelgerigte steekproefneming geselekteer is, is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude in hierdie verband ondervra. (Bylae I verskaf 'n volledige oorsig oor die beplanning en uitvoering van die studie).

Die inligting wat tydens die onderhoude ingesamel is, het onder die volgende vyf faktore uiteengeval, en is daaronder ontleed.

- ▶ Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika, nakoming van die interne ouditstandaarde deur interne ouditfunksies en hulle voldoening aan die vereistes van organisatoriese bestuur.
- ▶ Die administrasie en bestuur van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies.
- ▶ Die aard en voorkoms van eksterne gehaltehersienings van interne ouditfunksies in Suid-Afrika en die uitvoering van eksterne gehaltehersienings deur openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en konsultante.
- ▶ Betrokkenheid van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika by gehaltebeheer binne interne ouditfunksies.
- ▶ Interne ouditeure se benutting van riglyne en hulpmiddels oor gehaltebeheer, wat wel by die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika beskikbaar is.

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat die mate van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies grootliks van die volgende afhang:

- ▶ Die ekonomiese sektor waarbinne die organisasie resorteer en die regulering van interne ouditering binne daardie sektor.
- ▶ Die erns wat die hoof interne ouditeur aan die dag lê met betrekking tot gehaltebeheer binne sy of haar interne ouditfunksie
- ▶ Organisasoriese bestuur en ouditkomitees se kennis van en betrokkenheid by interne ouditering binne hulle organisasies.

Gehaltebeheer word verskillend deur elke interne ouditfunksie geadministreer en bestuur. Deurlopende monitering van gehaltebeheer kom algemeen voor, alhoewel sommige interne ouditfunksies slegs volstaan met behoorlike toesighouding oor ouditprojekte. Ander interne ouditfunksies het afdelings in plek wat 'n verskeidenheid faktore met betrekking tot die gehalte van die interne ouditfunksie moniteer. Periodieke interne evaluering kom redelik algemeen voor, terwyl eksterne evaluering deur 'n onafhanklike party van buite die organisasie, minder algemeen voorkom. Dit wil voorkom asof die interne ouditfunksies in Suid-Afrika bekend is met die interne ouditstandaarde se voorskrifte oor gehaltebeheer, maar dit nie nougeset toepas nie. Verskeie hulpmiddels is by die IIA SA en die IIA Inc. beskikbaar, maar al die interne ouditfunksies is nie bewus daarvan nie en dit word nie algemeen benut nie.

Die IIA SA poog om 'n gehaltehersieningsdiens geskoei op die *Quality Assurance Review Programme* van die IIA Inc. tot stand te bring. Die IIA SA het reeds 'n eksterne evaluasie uitgevoer nadat nege vrywilligers opleiding in die eksterne evaluering van interne ouditfunksies onder die toesig van 'n kundige van die IIA Inc. se *Quality Review Service*, ondergaan het. Onderhandelinge om 'n kontrak oor die lewering van die gehaltehersieningsdiens in Suid-Afrika met die IIA Inc. te finaliseer, is egter nog aan die gang en die nodige strukture is nog nie in plek by die IIA SA om die diens op groot skaal te bemark nie. Interne ouditeure het verskillende menings oor die inisiatiewe van die IIA SA, maar daar is tog groot belangstelling in eksterne evaluasies uitgevoer onder leiding van die IIA SA.

Dit wil voorkom asof interne ouditeure steeds gehaltebeheer binne interne ouditfunksies as minder belangrik beskou. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die beperkte voorskrifte in die interne ouditstandaarde wat gegeld het tot einde 2001. Die standaard is egter nou meer omvattend en behoort interne ouditfunksies aan te spoor om in die toekoms meer aandag aan gehaltebeheer te skenk.